# Koers in die Krisis van die Landbou

## Enkele Perspektiewe vanuit 'n Christelike Lewensvisie en Filosofie

***Prof. B.J. van der Walt***

**Synopsis**

**Direction in the crisis of agriculture; a few perspectives from a Christian worldview and philosophy**

*From a Christian worldviewish perspective this study intends contributing to a better understanding of the contemporary crisis in agriculture as well as its possible solution. It starts with a list of some major problems indicating the crisis. Then three basic factors (a distorted view on reality, on nature and on agriculture), causing these problems, are investigated. This is followed by an in-depth discussion of the nature or "identity" of agriculture as viewed from a Biblical-Reformational philosophy. The concluding section contains some implications of such an entire Christian perspective which may counteract the crisis and provide new direction to present-day agribusiness.*

### 1. Inleiding: Krisis in die koers

Oor die hele wêreld is landbou 'n lewensbelangrike aktiwiteit. Dit moet daagliks voedsel aan biljoene mense verskaf.

#### *1.1 Krisis*

Terselfdertyd verkeer die landbou wêreldwyd in 'n krisis. Die krisis beteken dat ons in die landbou met 'n opeenhoping van probleme gekonfronteer word wat so kompleks is dat daar nie eensgesindheid bestaan oor die oplossing nie, en dit dus lyk asof hulle onoplosbaar is (vgl. Schuurman, 1988: 2). Met die verloop van die artikel sal dié krisis nog duideliker omlyn word. Slegs twee probleme word ter illustrasie genoem om aan te toon hoe sowel die mens as die natuur daaronder ly.

Miljoene mense is vandag ondervoed, terwyl 'n ander (kleiner) gedeelte van die wêreldbevolking oorvoed is. In sommige lande is daar 'n

oorproduksie van voedsel. Schuurman (1998: 1) praat selfs van botterberge, wynmere, melkdamme, vleisberge en reuse, oorvol graansilo's. In dié lande word oorproduksie – om pryse nie te laat daal nie – selfs vernietig. Dit ten spyte daarvan dat miljoene in ander lande van honger omkom, omdat hulle nie basiese lewensmiddele kan bekostig nie. Mag so 'n situasie maar gedweë aanvaar word?

Terwyl landbou van die natuur (grond, water, plante en diere) afhanklik is, is dit – veral die hedendaagse, kommersiële landbou – besig om die natuur op grootskaalse wyse te besoedel en te verwoes. Is dit reg? Is dit moontlik om 'n balans te vind tussen gebruik en beskerming van die omgewing?

## *1.2 Koers in dié krisis vanuit 'n Christelike lewensvisie*

Terwyl landbou so belangrik is en bowendien 'n diep krisis beleef, word selde vanuit 'n Christelike perspektief daaroor besin. Slegs een voorbeeld ter illustrasie.

### *1.2.1 'n Verengde in plaas van 'n algehele Evangelie*

Miller (2003: 141,142) vertel hoe sendelinge onder 'n brandarm landbougemeenskap in een van die armste provinsies van Guatemala te werk gegaan het. Hulle het aan die mense die Evangelie verkondig, die mense het tot bekering gekom en kerke is gestig. Omdat die sendelinge hulle werk as afgehandel beskou het, het hulle na 'n ander sendingterrein vertrek.

Op die keper beskou, het daar egter weinig verander na twintig jaar. Die Pokomchi (die stam waaronder die sendelinge gewerk het) was nog net so arm as toe die sendelinge daar aangekom het. Die mense het nog steeds gewag om van honger te sterf. Al verskil was dat hulle nou kon hoop op die hemel. Maar hulle het geen hoop vir *vandag* gehad nie. As gevolg van hulle dualistiese Christelike lewensvisie het die sendelinge wel 'n "geestelike oplossing" gebied ('n baie eng Evangelie van verlossing in die hiernamaals), maar nie 'n "fisiese oplossing" vir die hiermaals nie. Behalwe die bietjie noodleniging (waartoe die sendelinge in staat was), moes sekulêre ontwikkelingsdeskundiges vir laasgenoemde probleem die oplossing bied. Tereg vra Miller of Christene nie in staat is om 'n meer omvattende, algehele oplossing te bied nie.

### *1.2.2 Omvattende transformasie nodig*

Dieselfde gedagte kan verduidelik word (vgl. Miller, 2003: 158) met die bekende Chinese verhaal: As jy 'n honger mens 'n vis gee, het jy hom met

een maaltyd gehelp. (Dit word “noodhulp” genoem). As jy hom die tegniek leer om self vis te kan vang, het jy hom langer gehelp. (Dit word “ontwikkelingswerk” genoem.) Eers wanneer jy hom geleer het om self vis te teel, het jy hom werklik gehelp om te dink. (Dit word “transformasie” van die hele lewensuitkyk genoem.)

Agter die probleme van armoede en hongersnood – wat ook die hedendaagse, hoogsgesofistikeerde landbou nie oplos nie – skuil volgens Miller dikwels ’n dieperliggende oorsaak: geestelike of lewensbeskoulike armoede en honger. Die diepste grond van die krisis is ’n gebrek aan (lewensbeskoulike) koers of rigting. Tereg sê De Haan (2003a: 289): “The redemption of argriculture … will require a transformation of worldview” – die Christelike lewensvisie ingesluit.

### *1.2.3 Weinig prinsipiële leiding*

Landbou speel ’n belangrike rol in Suid-Afrika (en die res van Afrika). Baie Christene is ook daarby betrokke. Nogtans vind weining indien enige dieper, lewensbeskoulike besinning oor die landbou plaas (Gousmett & Chimuka, 1997; Schuurman, 1988 en Wijnbeek, 1998 is drie van die weinige publikasies op dié gebied). Christene is meer op ’n praktiese vlak betrokke. Hulle primêre doel is byvoorbeeld evangelisasie, onderrig, opleiding en hulpverlening (vgl. Van der Walt, 2004a oor die werk van ’n Christelike organisasie soos Amos Agrimin).

Ook in die buiteland is die situasie nie veel beter nie. Vander Zee (2004) toon byvoorbeeld aan dat onderrig in die ekologie (’n basiese vereiste in die landbou) – as dit wel gebeur – slegs ’n marginale plekkie het in die kurrikulum van instellings vir Christelike hoër onderwys. Volgens Schuurman (1988: 3) bestaan daar ’n “blinde vlek” ten opsigte van die lewensbeskoulike uitgangspunte in die landbou. Besinning op hierdie gebied is dus dringend noodsaaklik.

### *1.3 Opset*

Eers word enkele probleme in die landbou opgenoem. Vervolgens word die dieperliggende oorsake (visies op die werklikheid, op die natuur en op die landbou) ondersoek. Daarna volg ’n Christelik-filosofiese besinning op landbou. Ten slotte word aangedui hoe so ’n visie op landbou ’n bydrae kan lewer om die landbouprobleme (aan die begin genoem) te versag of teen te werk.

## 2. Probleme in die moderne landbou

Dit is ’n bekende feit dat die 225 rykste mense in die wêreld saam een triljoen VSA dollar besit. Dit is gelykstaande aan die jaarlikse inkomste

van 2.5 biljoen (47% van die wêreld) se armste mense. Watter rol speel die huidige landbou in hierdie groot kloof tussen skatryk en brandarm?

In ’n versamelwerk onder redaksie van Evans e.a. (2003) word deur skrywers van verskillende hoofstukke verskeie knelpunte in die landbou aangeroer wat hier saamgevat word (Schuurman, 1988, het reeds 15 jaar gelede die aandag op soortgelyke probleme gevestig).

(1) Landbou kan op eenvoudige wyse omskryf word as rentmeesterskap oor die skepping met die doel om genoeg voedsel te verskaf (vgl. Wijnbeek, 1998: 1; Zylstra, 2005: 4). Die huidige bestaanslandbou kan in die meeste wêrelddele egter nie genoeg kos produseer nie. In ander dele van die wêreld, byvoorbeeld die Westerse lande, lei kommersiële boerdery egter tot oorproduksie. Dié oorskotte bereik om verskillende redes egter nie die mense wat hongerly nie. ’n Belangrike rede is dat die mense van die armer lande nie duur, ingevoerde voedsel kan bekostig nie.

(2) Ryker lande is in staat om hulle eie landbou te subsidieer, terwyl armer lande dit nie kan doen nie. In ’n tyd van toenemende globalisering lei dit tot onregverdige kompetisie tussen dié twee groepe. Omdat armer lande nie hulle produkte teen mededingende pryse op die internasionale markte kan lewer nie, word talle kossoorte (onnodig) ingevoer en gaan die plaaslike landbou ten gronde. Tereg vra Kok (2005: 4) “… are we again protecting ourselves (the USA) at the expence of argriculture in other nations?”

(3) Grootskaalse, kommersiële boerderye en (internasionale) monopolieë druk steeds meer onafhanklike kleinboere uit die mark.

(4) Die gevolge van (2) en (3) is die verbrokkeling van tradisionele boerderygemeenskappe, grootskaalse werkloosheid en ’n toestroming na stedelike gebiede waar haglike armoede heers.

(5) Boere se benarde finansiële posisie word vererger deur die feit dat hulle weinig verdien in vergelyking met die winste wat die verwerkers en verspreiders (die “middelmanne”) op hulle produkte maak.

(6) Insetkostes (arbeid, implemente, bemesting, saad, brandstof, chemikalieë en besproeiing) het geweldig gestyg, terwyl boere nie pro rata méér vir hulle produkte ontvang nie.

(7) Saam met die verkommersialisering van die landbou word dit ook steeds verder vertegniseer. Op verskillende maniere lei dit tot die besoedeling van die omgewing (grond en water) en die vernietiging

van die hele ekosisteem. Voorbeelde wat genoem word, is chemiese bemesting; insek- en plantdoders en ander gifstowwe; antibiotika en ander medisyne wat op groot skaal by diere gebruik word en uiteindelik ook die mens benadeel; die "onmenslike" behandeling van pluimvee en vee asof hulle "proteïnemasjiene" is; die verdwyning van biodiversiteit in die planteryk as gevolg van monokulturele landbou; die vernietiging van natuurlike ekosisteme en nog meer.

(8) Omdat die moderne "agribusiness" op die neokapitalistiese vryemarkideologie gegrond is, gaan dit daarin slegs om al meer teen groter winste te produseer. Hierdie eensydige ekonomistiese ingesteldheid lei daartoe dat belangrike verhoudings inherent aan die landbou skade ly: (1) Kommersiële landbou is vandag een van die grootste bedreigings vir die omgewing (grond, water, plante en diere). (2) Dit versteur ook die verhoudings tussen produsente, arbeiders, verspreiders en verbruikers. (3) Daarbenewens het die meeste landbou-ondernemings geen oog daarvoor dat God die Eienaar van die land is en die mens slegs rentmeester daarvan nie.

(9) In die lig van bostaande is die algemene gevolgtrekking dat die huidige dominante soort landbou nie volhoubaar kan wees nie. Dit put nie net die omgewing uit en vergiftig diere en mense nie, maar dit dink ook nie aan die behoeftes van toekomstige geslagte nie.

(10) Ten slotte vestig verskeie van die skrywers in bogenoemde werk (Evans e.a., 2003) die aandag daarop dat dringend besin behoort te word oor duidelike norme (of etiese waardes), wat nuwe rigting aan die landboubedryf kan gee. Omdat die oplossing wat vir die probleme aangebied word dikwels oppervlakkig en fragmentaries (*ad hoc*) is, vereis die huidige landboukrisis 'n meer totalitêre aanpak (vgl. die titel van bogenoemde boek).

Die meeste van die skrywers wil egter nog dieper kyk: Wat is die onderliggende grondslae of basiese voorveronderstellings van die huidige landbou? (Vgl. bv. Kok, 2003: 13). Deur watter lewensvisie word dit (aan)gedryf? Hiermee is alreeds oorgegaan tot die moontlike oorsake vir al bogenoemde probleme.

## 3. Dieperliggende oorsake vir die probleme

Die krisis van die landbou kan deur baie faktore *buite* die landbou, soos politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede veroorsaak word. Dié omstandighede verskil ook in verskillende kontinente, streke en lande.

(Vir 'n algemene beskrywing van die boerderysituasie in Suid-Afrika, vgl. bv. Van der Walt, 2003b: 8 - 10 en vir vrae rondom grondeise en grondhervorming, kyk Van Wyk, 2004 en Viljoen, 2004.) Bowendien beïnvloed die verskillende faktore mekaar onderling. Dit is so 'n komplekse proses dat dit soms moeilik is om vas te stel of iets 'n oorsaak of 'n gevolg is. Aangesien die outeur van hierdie artikel nie 'n landboukundige is nie, laat hy die ontrafeling van sulke oorsake aan die kundiges oor.

Hierdie bydrae ontken en behandel nie die *eksterne invloede* op die landbou nie. Dit fokus op die lanbou *self.* Dit stel die vraag of 'n gebrekkige visie op die landbou nie dalk 'n belangrike rede vir die krisis is nie.

'n Mens se visie op landbou word bepaal deur 'n mens se (breër) visie op die natuur. Op sy beurt is 'n mens se visie op die natuurlike omgewing gegrond op jou omvattende visie op die hele werklikheid. In omgekeerde volgorde sal vervolgens dus (1) die visie op die *werklikheid*, (2) die visie op die *natuur* en (3) die visie op *landbou* ondersoek word. Die twee vrae in aldrie gevalle sal wees: (1) Wat is die gebreke in die drie grondliggende vertrekpunte? (2) Hoe kan hulle vanuit 'n meer totalitêr-integrale Christelike perspektief verander word om die landbou op 'n beter pad te plaas, en moontlik 'n nuwe koers in die krisis te bied?

### *3.1 Visies op die werklikheid*

Hier word eers kortliks verduidelik wat 'n lewensvisie is, uit watter komponente dit bestaan, om dan oor drie verskillende soort lewensvisies iets meer te sê.

#### *3.1.1 Lewensvisie: 'n Omskrywing*

In Christelike kringe is die afgelope aantal jare reeds heelwat oor lewensvisies geskryf, sodat die kennis hiervoor veronderstel kan word. (Naugle, 2002, vat die navorsing goed saam en bied op p. 349 - 359 ook 'n oorsig van die belangrikste publikasies oor 'n Christelike lewensvisie.) Wolters (1985: 2) se omskrywing van 'n lewensvisie is kort: "… the comprehensive framework of one's basic beliefs about things". Olthuis (1989: 29) gee 'n breër definisie: "A worldview (or vision of life) is a framework or set of fundamental beliefs through which we view the world and our calling and future in it. This vision need not be fully articulated: it may be so internalised that it goes largely unquestioned … Nevertheless, this vision is a channel for the ultimate beliefs which gives direction and

meaning to life. It is the integrative and interpretive framework by which order and disorder are judged; it is a standard by which reality is managed and pursued; it is a set of hinges on which our everyday thinking and doing turns".

### *3.1.2 Komponente van 'n lewensvisie*

Omdat lewensvisies antwoorde bied op sekere basiese lewensvrae kan by die meeste lewensvisies die volgende ses komponente onderskei word: 'n Visie op (1) God/ god(e), (2) op wette of norme, (3) op die mens, (4) op die menslike samelewing, (5) tyd en geskiedenis en (6) op die (nie-menslike) natuur. (In elke lewensvisie word die basiese komponente egter verskillend "ingekleur".) Hierdie ses fasette van 'n lewensvisie hang onderling saam en beïnvloed mekaar wedersyds. 'n Mens se visie op God bepaal byvoorbeeld jou visie op die mens en jou mensvisie sal die wyse waarop jy die natuur beskou, beïnvloed.

### *3.1.3 Soorte lewensvisies*

Van die baie soort lewensvisies behandel Sire (1997) 'n hele aantal van die belangrikstes. Hierdie ondersoek word tot slegs drie beperk, aangesien hulle besonder relevant is vir die huidige onderwerp: die animistiese, sekulêre en Christelike lewensvisies.

### *3.1.4 Die animistiese lewensvisie*

Dit is die oudste van die drie lewensvisies en kom vandag nog in baie dele van die wêreld voor – ook in Afrika – onder sogenaamde primitiewe volke. Steyne (1989) bied een van die beste uiteensettings oor wat hierdie lewensbeskouing behels (Van der Walt, 2004b: 115 - 120 gee 'n kort samevatting van die ses komponente waaruit dit bestaan).

In hierdie lewensvisie word nie duidelik tussen die fisies-sigbare en die geestelik-onsigbare wêrelde onderskei nie. Daarom dra die natuur 'n goddelike karakter en moet so min moontlik daarmee ingemeng word. Die geesteswêreld is die belangrikste en dit bepaal alles – sowel goed as kwaad – wat met die mens gebeur. Omdat die geesteswêreld (van gode, geeste en voorouergeeste) so onvoorspelbaar is, moet die mens sy bes doen om met offers en ander rituele hulle goedgesindheid te wen. Omdat 'n mens egter nooit kan weet of jy die geesteswêreld tevrede stel nie, is jy per slot van rekening aan hulle willekeur uitgelewer.

Dit lei tot 'n fatalistiese lewenshouding. Armoede en honger moet byvoorbeeld maar aanvaar word. (Miller, 1999 en 2003: 162; Bradshaw, 2003: 173 - 176 noem voorbeelde van hierdie fatalistiese houding).

Menslike verantwoordelikheid kan dus nie ten volle ontwikkel nie. Volgens Miller (1999: 61) lê hierdie lewensvisie ten grondslag aan ’n groot deel van (veral die Derde Wêreld) se armoede. Lewensbeskoulike armoede lei in hierdie geval tot konkrete armoede en honger.

### *3.1.5 Twee sekulêre lewensvisies: Die antroposentriese en biosentriese*

Miller (2003: 143) noem ’n lewensvisie “sekulêr” wanneer dit geen plek vir God het nie. Die twee oorblywende komponente is dus die mens en die natuur. Omdat die verhouding tussen die twee egter verskillend gesien kan word, kan hier tussen twee verskillende lewensvisies onderskei word. Spaling (2003: 99) noem hulle die antroposentriese en biosentriese lewensvisies. (Kok, 2003: 125 onderskei tussen die ekonomiese of industriële en die ekologiese.)

Volgens die antroposentriese lewensvisie is (soos die naam aandui) die mens die sentrum van die werklikheid. Hy staan *teenoor* die natuur, wat alleen bestaan ter wille daarvan dat die mens dit vir sy eie doel kan gebruik.

Die tweede (biosentriese of ekologiese) lewensvisie is ’n moderne reaksie teen die mensgesentreerde lewensbeskouing. Die mens is hierin nie die sentrum nie en staan ook nie bokant of teenoor die natuur nie. Die mens is deel van die natuur en moet (volgens die meer gematigde biosentrisme) met die natuur saamwerk. Die mens word selfs (in die meer ekstreme vorme van dié lewensvisie) as ’n ongewenste element beskou, sodat die natuur as’t ware teenoor die mens te staan kom.

Die sekularisme lewer dus twee uiteenlopende visies op. In die een is die mens baas van die natuur en in die ander is, omgekeerd, die natuur baas oor die mens.

### *3.1.6 ’n Christelike lewensvisie*

Die bedoeling is nie om ’n Christelike lewensvisie hier in besonderhede te behandel nie (vgl. die bronne daaroor in Naugle, 2002: 349 - 356). Die fokus is op die verskille tussen ’n Christelike lewensvisie en die animistiese en sekulêre lewensbeskouings.

In ’n Christelike lewensvisie word God nie – soos in die sekulêre visie – uitgesluit nie. In ooreenstemming met die Bybel word geleer (1) dat *God* bestaan, (2) dat Hy die *aarde* geskep het en (3) dat Hy die skepping aan sy *wette* (of verordeninge) onderwerp het. Verder word ook – anders as in die animistiese lewensvisie – duidelik onderskeid gemaak tussen God en die skepping.

Ook wat die mensbeskouing betref, is die Christelike visie anders. Die mens is nie (soos by die animiste) ’n willose speelbal in die hande van die geesteswêreld nie, maar dra verantwoordelikheid vir wat met hom gebeur. Hoewel hy ’n belangrike plek in die skepping beklee, is hy ook nie die sentrum daarvan (soos in die sekulêre antroposentrisme) nie. Hy is ook nie (soos in die biosentriese visie) slegs ’n onderdeel van die natuur nie. Die mens is deur God as sy medewerker of rentmeester aangestel om die natuur te bewerk en te versorg (vgl. Gen. 1: 28; 2: 15). ’n Mens sou dit met ’n driehoek kan voorstel: God, mens en natuur.

Hierbenewens word in ’n Christelike lewensvisie klem gelê op wat die Bybel as die drie hoofmomente in die geskiedenis aandui: skepping, sondeval en verlossing. Die aanvanklik goeie skepping is as gevolg van die mens se ongehoorsaamheid aan God se gebod verdorwe, maar kan deur middel van Christus se verlossingswerk weer herstel word.

Ook in hierdie opsig veskil hierdie visie van dié van die animisme en sekularisme. Hulle weet nie van die gebroke, abnormale verhouding tussen God, die mens en die natuur nie en is geneig om die bestaande as die normale te aanvaar. Die Christen weet egter van deformasie en die noodsaak tot reformasie, dat die bestaande situasie in ooreenstemming met God se riglyne verander moet word. Soos nog duidelik sal blyk in die geval van baie Christene se visie op die natuur, is die Christelike lewensvisie *self* ook nie volmaak nie en moet dus voortdurend reformeer word.

In die vervolg word nie verder op die animistiese lewensvisie (die lewensbeskoulike agtergrond van die meeste vorme van bestaanslandbou in Afrika) ingegaan nie. Die fokus sal val op die meer dominante kommersiële landbou.

## *3.2 Visies op die natuur*

Soos hierbo (deel 3.1.2) genoem, bevat elke lewensvisie ten minste ses komponente wat onderling saamhang en dus wel onderskei maar nie van mekaar geskei mag word nie.

Die fokus val in hierdie afdeling op een van die komponente, naamlik die visie op die natuur. Bouma-Prediger (2001: 16,17) voer oortuigende argumente aan waarom hy verkies om liewer van “aarde” te praat in plaas van begrippe soos “skepping”, “omgewing” of “natuur”. Al die begrippe word hier egter afwisselend as sinonieme gebruik.

### *3.2.1 ’n Groot aantal beskouinge*

Verskillende insiggewende boeke oor die ekologie vanuit ’n Christelike perspektief is vandag beskikbaar (vgl. byvoorbeeld Berry, 2000; Bouma-

Prediger, 2001; De Witt, 1996; Hoezee, 1998; Van Dyke *et al.*, 1996, Wilkinson, 1980 en 1991).

Wilkinson gee ’n breedvoerige oorsig van uiteenlopende visies op die natuur en onderskei samevattend twaalf standpunte (vgl. Wilkinson, 1980: 256). Veral drie van hulle is vir hierdie studie belangrik (vgl Wilkinson, 1991: 187 e.v.) : (1) Die natuur is iets *goddeliks* en moet dus *vereer* word (hierbo die animistiese visie genoem). (2) Die natuur is (saam met die mens) ’n *organisme* wat die mens moet *respekteer* en in harmonie daarmee moet saamleef. (3) Die natuur is ’n *meganisme* wat vir menslike gebruik *verander* moet word (die antroposentriese visie).

Laasgenoemde is die mees algemene standpunt (met onderlinge variasies) naamlik dat die natuur ’n (onuitputlike) bron van grondstowwe vir die mens bied. Dit is ook die stoorplek van voedsel wat ontgin moet word. Die natuur moet dus vir die behoeftes en begeertes van die mens geëksploiteer word. Die maatstaf vir die omgang met die omgewing is dus die nut wat dit vir die mens inhou. Dit is hierdie antroposentriese ingesteldheid wat in die hedendaagse, grootskaalse landboubedrywe duidelik na vore kom.

### *3.2.2 ’n Kommersiële verhouding tot die natuur*

Van al die skrywers in die bundel van Evans e.a. (2003) behandel veral Ball (2003: 251 e.v.) en De Haan (2003a: 267 e.v.) hierdie kommersiële verhouding tot die natuur wat in die moderne landboubedryf gestalte kry. Vir die produsent is die maksimum wins teen minimum koste en sorg vir die omgewing die belangrikste. Vir die verbruiker staan onbeperkte selfbevrediging voorop. Die gevolge van so ’n instelling teenoor die omgewing is reeds aan die begin van hierdie artikel opgesom.

Kommersiële landbou sal later verder bespreek word. Dit is voldoende om hier te konstateer dat die mens nie bloot ’n ekonomiese wese is wat produseer en verbruik nie, maar multidimensioneel van aard is. Ook sy verhouding tot die natuur mag dus nie tot ’n ekonomiese verhouding alleen vereng word nie.

### *3.2.3 ’n Christelike visie op die natuur*

Die afgelope aantal jare het verskeie Christelike skrywers die aandag daarop begin vestig dat die gangbare Christelike visies op die natuur hervorm moet word, omdat hulle deur onbybelse idees (soos die reeds genoemde antroposentrisme) beïnvloed is. Daarbenewens is hulle ook eensydig. Zylstra (1999: 50) sê byvoorbeeld dat Christelike teologiese

tradisies in die verlede alle klem op die verlossing (van die mens) gelê het en nie ’n Bybelse skeppingsteologie uitgebou het nie. Hierdie gedeelte kyk dus na hoe hierdie gebreke reggestel kan word.

### Verskillende visies

Onder die Evangelies-Protestante Christene onderskei Zylstra (1999: 45 - 46) die volgende drie standpunte. Volgens die eerste het God die mens as heerser oor die skepping aangestel. Die mens is die sentrum of fokuspunt van die hele skepping. Die nie-menslike natuur besit geen intrinsieke waarde nie, maar is alleen ’n bron vir menslike behoeftebevrediging. (Dit lyk soos onverbloemde antroposentrisme.) ’n Tweede (tussen)posisie leer dat die mens sowel meester as dienskneg van die skepping is. Die res van die aarde besit wel ’n eie waarde, maar dit is nog steeds minder as dié van die mens. (Hierdie is ’n gematigde vorm van antroposentrisme.) In ’n derde visie staan die mens nie in ’n hiërargiese posisie bo die skepping nie, maar moet dit as dienskneg versorg.

Hieruit is dit duidelik hoe verskillende Christelike visies op die natuur deur sekulêre gedagtes beïnvloed word. In die drie visies word geleidelik van die ouere, antroposentriese visie na die nuwere, vandag populêre biosentriese visie beweeg. Nog meer probleme met die gangbare Christelike visie moet egter genoem word.

### ’n Dualistiese visie

Die boek van Evans e.a. (2003) vestig die aandag op ’n eeu-oue dualisme by die Christendom: Aan die een kant die kultuurmandaat van Genesis (om die skepping te beheer) en aan die ander kant die sendingbevel van Matteus 28 vers 18 - 20 (om die Evangelie van verlossing te verkondig). Laasgenoemde opdrag sou ook belangriker as eersgenoemde wees. Die gevolg is ’n beroepshiërargie waarvolgens mense wat die Evangelie verkondig die Here *direk* dien, terwyl ander beroepe, soos dié van ’n boer, wat die kultuurmandaat vervul, alleen *indirek* in sy diens sou staan.

Hierdie dualisme word tereg deur die skrywers van bogenoemde werk verwerp. In die plek daarvan stel hulle ’n Bybelse holisme. Daarmee word nie bedoel dat hulle die twee aktiwiteite (kultuurarbeid en sending) wil integreer nie. Kobes (2003: 9) sê byvoorbeeld: “To think in terms of integrating *word and deed, faith and life*, or Christianity and agriculture still leaves us caught in an unbiblical dualism that prevents the wholehearted, joyful service that God expects from his daughters and sons”.

In so 'n dualistiese Christelike visie word dikwels van die standpunt uitgegaan dat die sendingbevel die kultuurmandaat *vervang* het. Dit sou inhou dat die fokus nou op (verlossing van) die mens val en die res van die skepping nie so belangrik is nie (vgl. Kobes, 2003: 16). Die korrekte standpunt is egter dat die oorspronklike kultuurmandaat aan die mens in die sendingopdrag in die lig van die verlossing in Christus *herhaal* word, en nie vervang word nie.

Daarom sê Kobes (2003: 14, 15): "*The Bible never views the world as an alien place for humans as they strive for their heavenly destiny* … This world, apart from the sin that is in it, *is* our home! Redemption is not a matter of escaping to another world, but rather enjoying God's good creation in the fellowship of God … salvation involves the redemption of the whole person and whole world to which we belong".

Daarom word (in veral die Ou Testament) groot klem op die aardse lewe hier en nou gelê. God gee daarin dan ook talle riglyne oor hoe die grond behandel moet word, diere versorg moet word, maniere van boer (bv. die sabbatsjaar), watter kos geëet mag word, ensomeer. Die kultuurmandaat is 'n allesomvattende en blywende opdrag, omdat vir God self die hele skepping belangrik is.

Bouma-Prediger (2001: 99) toon byvoorbeeld aan hoe God se verbond met Noag (Gen. 9: 8 - 17) nie net oor Noag en sy familie (die mens) gaan nie: "… it is not, as often thought, mainly a covenant with Noah. This convenant, rather, is established with the earth and its plethora of creatures. The convenant includes every living creature".

**Die omvattendheid van skepping, sondeval en verlossing**

Volgens die Bybel is dit dus duidelik dat die *hele* skepping waarde het in God se oë en dit ook van die mens behoort te geld. Die sonde het ook die *hele* skepping aangetas. Bowendien is die sonde nie, soos meestal geglo word, net iets persoonliks of sosiaals nie. Daar bestaan volgens Vander Zee (2004: 337) ook soiets as sonde teen die (nie-menslike) natuur. Die mens vorm nie net nie, maar deformeer ook sy omgewing. Verder wil God ook nie net die verlossing van die mens nie, maar van die hele sugtende skepping (Rom., 8: 19 - 22).

Vander Zee toon verder aan hoe die kultuurmandaat in byvoorbeeld die leerplanne van Christelike kolleges in die VSA uitgaan van 'n baie eng begrip van wat kultuur is. Dit sou alleen op die mens se eie (kulturele) vorming betrekking hê. Daarom sê hy "… Christian higher education will have to change its anthropocentric focus and turn from culture to creation. With earth

in mind, human culture is not discarded, but properly grounded in creation" (Vander Zee, 2004: 335). Omdat kultuur verkeerdelik alleen op die vorming van die mens betrek is, sou dit volgens hom kan help om ook die woord "kultuurmandaat" liewer met "skeppingsmandaat" of "-opdrag" te vervang.

**Op God gerig**

In die plek van sowel die antroposentriese (mensgesentreerde) as die biosentriese (natuurgesentreerde) visies stel Spaling (2003: 99) die volgens hom Bybelse teosentriese (Godgesentreerde) visie, waarvolgens God deur die natuur geloof en geprys moet word.

Daarmee word die mens en die natuur nie gering geskat nie, maar vind hulle juis hulle werklike plek. "All of creation is to praise and worship the Creator. Stewardship is a divine mandate to humans to care for creation in such a way that the Creator is acclaimed, revealed and glorified" (Spaling, 2003: 99). Toegepas op die landbou: "Agricultural stewardship entails developing and preserving the praise-giving task of creation. This is the ultimate measure of faithful stewardship" (Spaling, 2003: 105).

Volgens só 'n visie is die mens dus nie meer die fokuspunt nie (antroposentrisme) en ook nie onbelangrik nie (soos in die biosentrisme). Hy is die fasiliteerder wat die loflied van die hele skepping tot Gods eer help moontlik maak.

Gedagtes soos hierdie is reeds vroeër deur Hoezee (1998: 43 e.v.) na vore gebring. Hy praat in dié verband van 'n "ecology of praise". Die Skepper het vreugde in sy skepping; die skepping het vreugde in sy Skepper; die mens het die taak om die skeppingskoor tot eer van God te begelei. (Vergelyk ook Van der Walt, 2001 en 2003a.) So 'n Christelike perspektief is inderdaad geheelduidend.

**Bybelse geheelbeeld**

Kok (2003: 127 - 134) vestig tereg die aandag daarop dat duidelik tussen verskillende wat genoem word "soorte holisme" onderskei moet word. Daar is byvoorbeeld 'n groot verskil tussen die hedendaagse, populêre "ekologiese holisme" en wat as die Bybelse geheelbeeld aangedui kan word. Eersgenoemde beklemtoon alleen die intieme verband tussen alle lewende dinge, die mens ingesluit. Dit het egter nie plek vir God nie. Daarteenoor stel Kok (as Christelike filosoof) dat die ware, Bybelse geheelbeeld alleen op 'n volledige werklikheidsvisie (ontologie) gegrond kan wees. In so 'n beskouing word geleer dat God die skepping daargestel en aan sy verordeninge onderwerp het (vgl. 3.1.6 hierbo).

Met al hierdie nuwe perspektiewe kan die gangbare Christelike visies op die natuur reggestel en verryk word. Dit behoort ook Christene se visie op landbou te verander en te verbreed.

### *3.3 Visies op die landbou*

Baie verskillende begrippe doen vandag die rondte, waaruit verskillende visies op die landbou afgelei kan word. Daar word byvoorbeeld gepraat van kommersiële, tegnologiese, intensiewe, ekstensiewe, ekologiese of biologiese, aangepaste, geïntegreerde en volhoubare landbou.

Vos (2004: 318 e.v.; vgl. ook Vos, 2003) se historiese oorsig van hoe die een soort landbou die ander opgevolg het, is waardevol. Hy onderskei die volgende:

Vir duisende jare was die enigste vorm van landbou die tradisionele, kleinskalige *bestaanslandbou*. (2) Vanaf ongeveer die helfte van die vorige eeu, toe die tegologie 'n belangrike rol ook in die landbou begin speel het, verander dit geleidelik na grootskaalse, *kommersiële landbou*. Landbou voorsien van toe af nie meer hoofsaaklik in eie oorlewings-gehoeftes nie, maar word 'n bedryf op wins ingestel. (3) Toe die nadelige gevolge van kommersiële landbou vir die omgewing en die mens duidelik begin word het, word *organiese landbou* 'n opsie. Om verskeie redes (vgl. Vos, 2004: 324), byvoorbeeld, omdat dit nie op groot skaal gedoen kan word nie, is organiese landbou egter moeilik haalbaar. (4) 'n Volgende reaksie teen kommersiële landbou is *gemeenskapsgesteunde landbou*. Terwyl die grootskalige "agribusiness" die boer vervreem het van die res van die gemeenskap (verspeiders, verbruikers, ens.), wil hierdie vorm van landbou weer nouer kontak tussen hulle bewerk. Elke boer voorsien sy produkte aan sigbare kliënte en die verbruikers ken ook die boer en ondersteun hom. Die interessante is dat (3) en (4) in baie opsigte terugkeer na die tradisionele, kleinskalige landbouopset. Ook tradisionele, eeu-oue landboukennis word vandag weer as waardevol beskou.

Ten slotte noem en bespreek Vos (2004: 325 e.v.) dan (5) *volhoubare landbou* en probeer dit koppel aan sy Bybelse, algehele visie op die natuur. 'n Mens ontkom egter nie aan die indruk dat die nuutste modetendens van volhoubare ontwikkeling ("sustainable development") dalk nie so 'n ingrypende klemverskuiwing behels nie. Word die woord "volhoubaar" nie bloot by die gangbare kommersiële landbou *bygevoeg* om dit 'n bietjie meer aanvaarbaar te maak nie? Indien die gangbare, kommersiële landbou *inherent* onvolhoubaar is, wat is dan die sin van die voorvoegsel "volhoubare"? Wat is die kriteria vir volhoubaarheid? Bots die Bybelse algehele visie (deur Vos verdedig) nie met die eng ekonomiese fokus van kommersiële landbou nie?

Dié soort vrae kan alleen beantwoord word wanneer vervolgens in diepte besin word oor wat landbou presies is of behoort te wees.

## 4. ’n Filosofiese besinning

Terwyl die voorafgaande gedeeltes die breër agtergronde geskets het, bevat hierdie afdeling die kern van hierdie bydrae. ’n Eie visie op landbou moet geformuleer word. Dit moet ook as alternatief kan dien vir die toenemende kommersialisering en ver-tegnisering van die huidige landbou.

Hier volg eers ’n paar min of meer bekende (sommige hierbo reeds vermelde) trekke van boerdery voordat (onder deel 4.5) ’n filosofiese analise van dié bedryf gegee word.

### *4.1 Boerdery is deel van die allesinsluitende skeppingsopdrag*

Boerdery kan heel moontlik die oudste menslike beroep genoem word, omdat Adam en Eva die opdrag kry om die tuin van Eden te bewerk en bewaak. (Sommige praat – met eerbied – selfs van God as die heel eerste “Boer”, omdat hy dié tuin geskep het.) Hoewel dié taak na die sondeval met moeite gepaardgaan, word dit voortgesit – Kain en Abel was ook boere. Hierdie eenvoudige Bybelse gegewens dui daarop dat hierdie beroep nie as minderwaardig teenoor ander beroepe beskou mag word nie. Soos die woord “agriculture” nog aandui, is landbou ’n belangrike deel van die mens se kultuuropdrag wat spesifiek met die mens se verhouding tot die (nie-menslike) natuur te make het.

### *4.2 Voedselvoorsiening as die basiese doel van boerdery*

Die meeste skrywers stem saam dat die doel van boerdery is om mens en dier van die nodige voedsel te voorsien. Wibberley (2003: 233) se definisie is kort: “Agriculture is the stewardship of creation for food”. De Haan (2003a: 268) gee ’n meer uitgebreide omskrywing: “… agriculture can be broadly understood as various successful human efforts to increase the supply of vital food resources through intentionally selecting, cultivating and managing specific plants and animals. In addition, it should also include the necessary steps of harvest or slaughter, processing, storage and distribution”.

Die opdrag (in Genesis) om vir die skepping te sorg mag dus nie só verstaan word dat die mens nie plante of diere as voedsel mag gebruik nie. “Food is a fundamental form of relationship among living things. Food and predator-prey relationships are embedded in the creation structure. Animals and humans cannot eat without killing some living things … Death is necessary for life.” (Zylstra, 1999: 48).

### *4.3 Boerdery impliseer ook verhoudings*

Gaan dit in die landbou dan net om die verhouding tussen boer en natuur met die doel om te kan eet? Die eerste sin in die aanhaling uit Zylstra vestig die aandag daarop dat dit oor veel meer gaan. Voedsel is nie ’n blote kommoditeit wat op individualistiese wyse verbruik moet word nie. (By die sogenaamde primitiewe kulture is dit egter nog steeds die geval.) Voedselproduksie en -verbruik is iets kultureels en skep gemeenskap of verhoudinge tussen mense. Die verkryging van voedsel het nie net ’n uitwerking op die natuur nie maar ook op die samelewing.

Hierdie feit plaas landbou al in ’n breër perspektief. ’n Boer mag nie geïsoleer word van die breë gemeenskap, wat onder andere sy werknemers, verskaffers, voorligters, verspreiders en uiteindelik verbruikers insluit nie. Bowendien speel ook die politiek, ekonomie en tegniek vandag ’n belangrike rol in boerdery.

Daarbenewens impliseer Wibberley se definisie hierbo ook dat boerdery ’n verhouding met God impliseer. In sy boerdery tree die boer as rentmeester van God op en moet sy wil dus gehoorsaam. Vir sy seën op die boerdery moet Hy gebid en daarvoor gedank word.

### *4.3 Boerdery omskryf vanuit waardes*

’n Volgende poging om by die essensie van boerdery uit te kom, is dié van Huijgen (2000: 74). Hy gaan van agt verskillende boerderywaardes uit: (1) die waarde van die platteland teenoor dié van lewe in die stad; (2) die “ambag” van boerwees; (3) die feit dat boerdery nou op die gesinslewe betrokke is; (4) die afstand teenoor die markte, asook (5) teenoor tegnologie en beleid; (6) die eie inisiatief en oorspronklikheid van die boer; (7) die waardigheid van die boer (boere-identiteit en -trots), en (8) boerderydiversiteit (die verskillende maniere waarop geboer kan word.)

Huijgen noem die waardes ook die “konstante” van boerdery. Die vraag is of hulle werklik konstante kenmerke is. Verder is die vraag of hierdie “waardes” nie tot ’n vergange tyd behoort nie. Sou dit nie op repristinasie of ’n romantiese verlange na die verlede neerkom om hulle vandag te probeer herstel nie?

Verder is die herstel van waardes dalk nie die regte punt om “het eigene van de landbouw te ontdekken, eventueel herontdekken” nie (Huijgen, 2000: 74). Moet ’n mens nie eers probeer vasstel wat boerdery presies is voordat na waardes/ norme gevra word nie? Outeur se insiens moet eers ’n filosofiese struktuuranalise van die verskynsel gemaak word.

## 4.5 *Die bydrae van 'n filosofiese analise*

Die outeur het nog nie 'n analise van landbou vanuit die reformatoriese filosofie (van H. Dooyeweerd, D.H.Th Vollenhoven en H.G. Stoker en andere) teëgekom nie. Wat hier volg, is dus sy eie, beskeie poging in die rigting.

### *4.5.1 Die landbouaktiwiteit is multidimensioneel van aard*

Volgens die reformatoriese filosofie het konkrete dinge (stof, plant, dier en mens) asook menslike aktiwiteite deel aan 'n hele aantal aspekte of modaliteite. Stoflike dinge (soos die grond waaruit die boer sy oes haal) het deel aan die numeriese, die ruimtelike en fisiese aspekte. Plante, as lewende dinge, vertoon daarbenewens ook 'n biotiese aspek. By diere kom, behalwe die voorafgaande fasette, ook nog die psigiese of gevoelsaspek by. Die mens is 'n nog veel ryker wese, omdat by hom (behalwe wat reeds genoem is) ook die volgende modaliteite of funksies onderskei kan word: die logiese, linguale (taal), sosiale, ekonomiese, historiese, juridiese, estetiese, etiese en pistiese (geloof).

As menslike aktiwiteit weerspieël landbou al hierdie aspekte. Dit is nie slegs iets fisies-bioties nie. Dit het byvoorbeeld duidelik 'n sosiale kant (vgl. die verhoudinge in die landbou hierbo genoem). Al word die ekonomiese faset vandag (in die kommersiële landbou) oorbeklemtoon, kan dit nie geïgnoreer word nie. Ook die juridiese (die reg) is ter sprake in byvoorbeeld grondregte. Etiese norme en waardes (vgl. Huijgen, 2000) is ook belangrik. Verder is ook reeds aangetoon dat landbou nie van die geloof in God (of 'n afgod) losgemaak kan word nie.

Met die modaliteiteleer van die reformatoriese filosofie word 'n mens se visie op wat landbou is dus verbreed.

### *4.5.2 Die funderings- en bestemmingsfunksie van landbou*

Behalwe dat 'n aktiwiteit aan al die funksies deel het, leer die reformatoriese filosofie ook dat dit deur twee modaliteite getipeer word. Dié feit maak dit moontlik om die unieke karakter of eie identiteit van 'n aktiwiteit raak te sien en van ander te onderskei. Die eerste modaliteit word die funderingsfunksie genoem en die tweede die leidende, bestemmings- of kwalifiserende funksie.

Die huwelik is byvoorbeeld in die biotiese (seksualiteit) gefundeer, maar word deur die etiese (wedersydse trou) gelei. Die kerk is sosiaal gefundeer maar word deur die geloofsaspek gekwalifiseer. Die bestemmingsfunksie van die staat is die juridiese (geregtigheid).

Hierbo is reeds ’n aanduiding gegee van wat landbou se funderingsfunksie sou kon wees, naamlik die voorsiening van voedsel.

Vandag word algemeen aangeneem dat die kwalifiserende funksie die ekonomiese is. Dit is wel waar dat die hedendaagse grootskalige, kommersiële boerdery goeie sakebestuur nodig het om suksesvol te kan wees.

Dieselfde geld egter ook van ander menslike aktiwiteite. ’n Huisgesin of ’n universiteit se finansies moet ook goed beplan en bestuur word. Dit maak egter nog nie van ’n gesin of universiteit – soos in die hedendaagse verkommersialisering van alles – ’n ekonomiese instelling nie. Die gesin is eties gekwalifiseerd en die universiteit is ’n akademiese instelling.

Wat is dan wel die kwalifiserende aspek van boerdery? Dit is ’n moeilike vraag. Daarom is die antwoord daarop voorlopig.

Volgens Dooyeweerd en sy navolgers se filosofie (vgl. byvoorbeeld die meer populêre weergawes daarvan in Spier, 1972 en Kalsbeek, 1975) word die historiese funksie met die kulturele vormingsmag van die mens verbind. Ook in die voorafgaande gedeeltes is aangetoon dat God se kultuuropdrag aan die mens inhou dat hy deur sy bewerking van die aarde die potensiaal wat God in die skepping gelê het moet ontsluit en laat ontplooi. In die geval van boerdery moet die laere aspekte van die werklikheid (die aritmetiese tot by die psigiese) of dinge (grond, plante, diere) ontsluit word, met die doel om voedsel te bekom. Die voedsel wat boerdery voortbring, is dus ’n kultuurproduk. (Dit is nie dieselfde as wanneer diere plante of ander diere eet nie.)

Hoewel Dooyeweerd se sisteem hiermee nie presies toegepas word nie, wil dit tog lyk asof die funderingsfunksie van boerdery die laere funksies is (tot by die psigiese). Die leidende funksie is die historiese. In eenvoudiger taal gestel, het landbou twee fokuspunte: Dit is die mens se antwoord op God se kultuuropdrag. Terselfdertyd is dit sorg vir die omgewing en diens aan mens en dier deur die voorsiening van hulle basiese lewensbehoeftes. Dit gee aan landbou sy eie identiteit en onderskei dit ook van ander menslike aktiwiteite.

### *4.5.3 Soewereiniteit in eie kring van die landbou*

Met ’n ander bekende leerstuk van die reformatoriese filosofie sou dié uniekheid van landbou nog verder verduidelik kan word. Dit is die beginsel van soewereinteit of selfstandigheid in eie kring. Die beginsel is gegrond op die Bybelse gedagte dat God mense roep tot ’n bepaalde amp. Soos wat daar verskillende ampte (roepinge) is, het verskillende samelewingsverbande ook elk ’n eie roeping en taak. Dit is dus verkeerd

as (soos tydens die Middeleeue) die kerk alles oorheers, of (soos in die moderne tyd) die staat totalitêr optree, of (soos vandag) die sakewêreld alles probeer kommersialiseer. Hoewel hulle nie van mekaar geskei mag word nie, moet landbou, ekonomie en politiek onderskei, en ’n eie selfstandige bestaan gegun word.

Hiermee word terloops nie gesê dat boerdery (in die streng sin van Dooyeweerd se filosofie) ’n samelewingsverband is nie. Dit gaan in boerdery immers nie in die eerste plek om die verhouding tussen mense nie, maar tussen die mens en die natuur. Daarom is daar ook nie primêr van *gesag* (tussen mense) sprake nie maar van *mag* oor die natuur.

### *4.5.4 Gelyktydige realisering van alle norme in die landbou*

Die reformatoriese filosofie se modaliteiteleer impliseer ook dat ’n aktiwiteit soos boerdery nie net aan één norm onderhewig is nie. Al die verskillende norme moet gelyktydig gehoorsaam word.

Indien (soos vandag meestal gebeur) alleen die ekonomiese norme van produksie of wins op die landbou toegepas word, verloor dit sy eiesoortige karakter en word dit in ’n bedryf verander.

Dieselfde identiteitsverlies kan ook op ander maniere veroorsaak word, byvoorbeeld deur die verpolitisering, verwetenskapliking en vertegnisering van die landbou. (Op laasgenoemde word hieronder breedvoeriger ingegaan.)

Sonder om volledig te wees word ter illustrasie enkele norme genoem waaraan voedsel (die hoofoogmerk van boerdery) gemeet kan word:

- *Geloofsnorm:* dankbaarheid teenoor God.
- *Etiese norm:* betroubaarheid (dat voedsel veilig is)
- *Estetiese norm:* aantreklikheid van voedsel.
- *Juridiese norm:* regverdigheid in verspreiding, beskikbaarheid vir almal.
- *Ekonomiese norm:* bekostigbaarheid vir soveel moontlik mense.
- *Sosiale norm:* gemeenskaplike genieting
- *Linguale norm:* produkbenaming.
- *Biologiese norm:* voedsaamheid van die produkte.

### *4.5.5 Vertegnisering van die landbou afgewys*

Die voortgaande kommersialisering van die landbou gaan vandag gepaard met die steeds toenemende vertegnisering daarvan. Die tegnologie het so

verstrengeld met die huidige landbou geraak dat dit die karakter van landbou kan aantas.

Met die kritiek wat hierna volg, word nie bedoel dat boere nie ook baie dankbaar behoort te wees dat moderne tegnieke (en die wetenskaplike benadering tot boerdery, wat daarmee saamgaan) hulle arbeid verlig het nie. Huijgen (2000: 73) gee enkele flitse van hoe landbou tegnies ontwikkel het van iemand wat met die hand die grond moes omspit, na ’n houtploeg, toe na ’n ysterploeg en later ’n trekker, tot by die huidige grootskaalse meganisering, outomatisering, informasie- en biotegnologie in die landbou.

## Tegnisisme

Schuurman (1988) praat egter van “tegnisisme”, ’n verabsolutering van die tegniek. Hy toon aan (p. 9) hoe die wetenskap sekere dinge uit die konkrete werklikheid abstraheer of uitmekaarhaal en dan weer in ’n eie sisteem saamvoeg. Op dié wyse kom ’n eie, mensgemaakte “skepping” tot stand waaroor die mens die heer en meester is. In die tegnologie word volgens ’n gereduseerde, logies-samehangende netwerk die werklikheid gemodelleer. Die abstrakte kaders word egter so oorheersend dat die volle werklikheid in atomisering en funksionalisering uitmekaarval. Dit lei tot die verwoesting van die natuur.

Voorbeelde van hoe die tegnisisme die deur God geskape werklikheid op brute manier afbreek en dan weer op eiesinnige wyse herskep, is die wyse waarop daar in die huidige landbou met plante en diere omgegaan word (vgl. Schuurman, 1988: 12,13). Die konsekwente kunsmatige veredeling van gewasse vir hoër opbrengste en genetiese manipulasie hou die gevaar in van ’n eenvormige genetiese profiel. Dié genetiese versmalling beteken ’n vermindering in biodiversiteit en kan ook die weerstand teen plant- en dieresiektes verminder.

## Skreiende voorbeelde

In die bio-industrie het die wetenskaplik-tegniese beheersing van geabstraheerde funksies al so ver gevorder dat pluimvee en diere se intrinsieke waarde nie meer erken word nie. Hulle word steeds meer as louter produksiemiddele of “proteïnemasjiene” beskou. Die biochemiese prosesse in die dier, wat in diens van die gewenste produksiedoel staan, word sterk ontwikkel, terwyl die lewensprosesse, wat nie vir produksie nuttig is nie, tot die minimum gereduseer word.

Voortplantingstegnieke (kunsmatige inseminasie en embrio-oorplantings) is voorbeelde hiervan. Diere se seksualiteit en voortplanting word op ’n

tegniese wyse van hulle losgemaak. Op dié wyse word die intrinsieke aard en welsyn van die dier aangetas. Nie die dier self of die verhouding tussen mens en dier is meer die belangrikste nie. Die gevolg is vervreemding.

Nog ’n skreiende voorbeeld is die oorvoeding van ganse met die oog op vergrote ganslewers, ’n gesogte dis. ’n Ander voorbeeld is dat kalwers, wat hulle hele lewe lank in klein, donker hokkies moet staan, op ystervrye kos gevoer word, sodat hulle bloedarmoede kan ontwikkel en witter beesvleis vir die mark kan lewer.

De Haan (2003b: 89) gee soortgelyke voorbeelde: “… if we view pigs as protein producing machines, then they really don’t need to be able to hear, see, reproduce naturally, or even walk. If protein is the only goal, then a ‘pig’ that reproduces asexually and is little more than a blob of protein with the ability to take up nutrients and convert them efficiently to meat, will be the end product”.

Teenoor hierdie tegnisisties-antroposentriese visie stel hy: “God has given each living organism on earth a unique set of characteristics, and a unique role to play in his creation. Christian caretakers recognize and celebrate these distinct characteristics. They take joy in seeing each of God’s creatures living as God designed them to …” (p. 88, 89).

**Die motief agter die tegnisisme**

Agter die tegnisisme lê ’n bepaalde lewensvisie en visie op die natuur, naamlik die antroposentriese. Volgens Schuurman (1988: 6,7,16) is die diepste motief daarvan nie *diens* nie, maar *mag*. “Die tegnisisme, as uitdrukking van die eiemagtigheid van die mens, is met die moderne wetenskap versterk … en word in die moderne landbou toegepas” (p.27). Volgens hom word die moderne ekonomie en politiek deur dieselfde begeerte na mag aangedryf: “Die ekonomiese magte (het) die tegnisisme … versterk … maar ook ’n materialistiese politiek versterk dieselfde proses” (p.26). Die motief van mag bots egter regstreeks met die Bybelse opdrag van liefdevolle diens aan die medemens en die medeskepsele.

**Die alternatief**

God se sentrale gebod is die liefdesgebod waaraan ons dwarsdeur *Die Bybel* herinner word (vgl. bv. Deut. 6: 4 - 5; Lev. 19 : 18; Matt. 22: 34 - 40; Mark. 12: 28 - 31; Luk. 10: 25 - 28; Rom. 13: 9; Gal. 5: 14; Jak. 2: 8). Hierdie gebod moet vir verskillende terreine konkreet gemaak of gepositiveer word, die landbou ingesluit.

In die plek van mag stel Schuurman (1988: 17) dus die volgende norme vir die landbou en die terreine wat nou daarby betrokke is: Vir die *wetenskap*: groei in wysheid; vir die *tegniek:* bou en bewaar; vir die *ekonomie*: rentmeesterskap; vir die *politiek:* die bevordering van geregtigheid en reg. En, ten slotte, vir die *landbou*; oes, beskerm en versorg.

Laasgenoemde verduidelik hy verder soos volg: "In die *oes* van voedsel, waarby die natuur sorgvuldig *behoed en versorg word*, die vrugbaarheid *bewaar en bevorder word* en die landskap op verantwoordelike wyse *beheers word*, kom die landbou in diens te staan van die heel eerste lewensbehoeftes van die mens" (Schuurman, 1988: 27, 28).

Behalwe hierdie prinsipiële riglyne van Schuurman, toon Huijgen (self 'n boer) ook met konkrete voorbeelde aan (vgl. 2000: 75,76) dat boerdery nie aan tegniese determinisme uitgelewer hoef te word nie. Boere kan op kreatiewe wyses (reeds by die beplanning of ontwerpfases van die tegnologie) 'n belangrike rol speel om tegnisistiese skade te voorkom. In die verband pleit hy vir 'n "etiek van verantwoordelikheid". (Wat so 'n etiek behels, word breedvoerig deur Schuurman, 2005, uiteengesit)

### *4.6 Samevatting: Bybelse geheelbeeld as antwoord*

Die voorafgaande besinning kom eenvoudig neer op 'n meer algehele visie op landbou. In die meer filosofiese gedeelte is byvoorbeeld agtereenvolgens aangetoon dat: (1) 'n volledige (algehele) werklikheidsvisie belangrik is; (2) dat landbou nie 'n een-dimensionele nie, maar 'n multi-dimensionele aktiwiteit is; (3) dat dit 'n eie, unieke identiteit of karakter het (bepaal deur sy funderings- en bestemmingsfunksies); (4) dat landbou dus nie deur ander lewensfasette oorheers mag word nie, maar 'n eie selfstandigheid (soewereiniteit op eie gebied) moet geniet; (5) dat landbou nie eensydig net deur een norm (bv. die ekonomiese of tegniese) gelei moet word nie, maar dat verskillende norme gelyktydig daarin gehoorsaam moet word.

Die gevaar van so 'n gehele-filosofiese perspektief is afstandigheid, as gevolg van die feit dat 'n filosoof nie altyd genoeg by die konkrete werklikheid betrokke is nie. Die gevaar vir 'n boer kan egter die omgekeerde wees: 'n te noue betrokkenheid by sy alledaagse boerderybedrywighede. Waar die filosoof net die bos raaksien, sien die boer as gevolg van al die bome (probleme) nie meer die hele bos raak nie.

Die leemte van hierdie bydrae is heelwaarskynlik dat dit nog te abstrak is en te ver verwyderd is van die alledaagse boerderyprobeme en -praktyke.

Maar terselfdertyd is die skrywer daarvan oortuig dat dit boere se perspektief op hulle werk – ’n noodsaaklike vereiste vir enige beroep – kan verruim, verdiep, verryk en nuwe koers daaraan gee.

## 5. Slot: Koers in die krisis van die landbou

Ter inleiding het hierdie bydrae begin met die krisis in die koers van die landbou. Dit sluit af met koers in dié krisis. Met die voorafgaande in gedagte, sluit dit samevattend af met enkele rigtingwysers. Dit kan deur die leser self op die probleme aan die begin genoem (vgl. punt 2 hierbo) toegepas word. Die padwysers word ingedeel volgens die twee belangrikste verhoudinge in die landbou: (1) die boer se verhouding tot God en (2) tot die natuur en sy medemens.

### 5.1 *Landbou en God*

In ’n Christelike benadering tot die landbou mag God nooit ontbreek nie. Hy is die *Skepper* van die mens en die natuur (Gen. 1:1). Hy is daarom ook die *Besitter* daarvan (Ps. 24: 1). Ook die *Onderhouer,* wat nog steeds in liefde selfs vir sy geringste skepsels sorg. (Matt. 6: 26, 28) – ook vir die mens (vers 30). Hy is veral die *Wetgewer,* wat duidelike norme gestel het waarvolgens die mens met sy medemens en die natuur moet omgaan. Dit is saamgevat in die sentrale liefdesgebod. Dié gebod moet op ’n spesifieke wyse konkreet in die landbou nagekom word, sodat dit tot heil van die mens en die res van die skepping kan wees. As gevolg van die sonde sug ook die natuur (Rom. 8: 22). God is in Christus egter ook die *Verlosser* – nie net van die mens nie, maar van sy hele skepping. Die diepste sin van ’n verloste skepping – en landbou – lê daarin dat dit sy Skepper, Onderhouer, Wetgewer en Verlosser dank, prys en eer.

Dit beteken dat die mens nie sy eie baas is nie (in alle geval ’n kontradiksie in sigself) en nog minder die eienaar van die res van die skepping. Hy is slegs God se bestuurder. As rentmeester is hy voortdurend – nie eers in die hiernamaals nie – verantwoording verskuldig aan die Eienaar. Dié verantwoordelikheid behels dat hy/ sy met groot respek, sorg en versigtigheid die potensiaal van God se skepping in sy boerdery sal ontsluit.

### *5.2 Landbou en die natuur (die mens ingesluit)*

Die volgende is slegs enkele flitsgedagtes:

- In die landbou moet die *diensmotief,* naamlik die voorsiening van lewensbelangrike voedsel vir mens en dier voorop staan.

- Daarom moet soveel moontlik mense – óók dié wat honger ly – daarby kan baat.
- Die werklike behoeftes en nie onbeperkte menslike begeertes moet die norm wees.
- Verhoudings in die landbou (tussen die boer, sy werkers, die plaaslike gemeenskap, bemarkers en verbruikers) moet gesond wees en hulle mag nie mekaar se konkurente wees nie.
- Selfs toekomstige geslagte is deel van hierdie belangrike verhoudings.
- Daarom moet die omgewing gesond gehou en, indien moontlik, verbeter word.
- Die verskeidenheid van plante en diere moet waardeer en beskerm word.
- Soveel moontlik natuurlike ekosisteme moet behou word en nie vir landboubedrywighede oopgestel word nie.
- Die godgegewe eienskappe van plante en diere moet gerespekteer word.
- Die natuur moet die nodige rustye gegun word.

Saamgevat: In boerdery moet so ligvoets moontlik oor die natuur gestap word.

### *5.3 Realisme*

Christenboere is nie pessimiste, wat tou opgooi in die aangesig van al die probleme in die landbou nie. Hulle is ook nie onrealistiese optimiste, wat sal dink dat die perspektiewe van hierdie artikel eensklaps die krisis in die landbou sal oplos nie. Maar hulle is realiste. Dalk kan wat hier aangebied is, die probleme versag of binne perke hou, sodat katastrofes voorkom kan word. Wat wel waar is, is dat sulke Bybelsbegronde perspektiewe ’n nuwe prinsipiële koers vir die landbou kan oopmaak.

## Bibliografie

BALL, J. 2003. Behold I give you; a Christian perspective on farming. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.) *Biblical holism in agriculture*. Pasadena, California: William Carey Library. p. 65 - 77.

BERRY, R.J. (Ed.) 2000. *The care of creation; focussing concern and action*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

BOUMA-PREDIGER, S. 2001. *For the beauty of the earth; a Christian view of creation care*. Grand Rapids, Michigan: Baker.

BRADSHAW, B. 2003. On dams, demons, wells and witches; managing the message of transformational development. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.),

*Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. p. 173 - 186.
DE HAAN, G. 2003a. Redeeming agriculture and economics through worldview transformation. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. p. 267 - 291.
DE HAAN, R. 2003b. Production principles for "good" agriculture. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. pp. 81 - 97.
DE WITT, C.B. (Ed.) 1996. *The just stewardship of land and creation*. Grand Rapids, Michigan: Reformed Ecumenical Council.
EVANS, D.J., VOS, R.J. & WRIGHT, K.P. (Eds.) 2003. *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots.* Pasadena, California: William Carey Library.
GOUSMETT, C. & CHIMUKA, A.T. 1997. *Responsibility for our natural environment*. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies. Study pamphlet no. 350, February.
HOEZEE, S. 1998. *Remember creation*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
HUIJGEN, J. 2000. Techniek in de landbou. In: Schoon, B. & Van der Stoep, J., (Reds.), *Die veelkleurigheid van de tecniek; een bundel bijdragen over techniek en Cristelijke ethiek*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn. pp. 71 - 78.
KALSBEEK, L. 1975. *Contours of a Christian philosophy; an introduction to Herman Dooyeweerd's thought*. Toronto : Wedge Publishing Foundation.
KOBES, W.A. 2003. Reclaiming a Biblical vision for Agriculture. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. pp. 9 - 18.
KOK, J.H. 2003. Affinity, dominion, and the poverty of our day; calling and task of agriculture in a world that belongs to God. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California : William Carey Library. p. 123 - 140.
KOK, J.H. 2005. Agriculture. Ongepubliseerde lesing gelewer op die Internasionale Simposium van die Vereniging vir Reformatoriese Filosofie, 16 - 19 Augustus te Hoeven, Nederland.
MILLER, D. 1999. *Discipling the nations; the power of truth to transform cultures*. Seattle: YWAM Publications.
MILLER, D. 2003. Agriculture and the Kingdom of God. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots.* Pasadena, California: William Carey Library. pp. 141 - 172.
NAUGLE, D.K. 2002. *Worldview; the history of a concept*. Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans.
OLTHUIS, J. 1989. On worldviews. In: Marshall, P.A., Griffioen, S., Mouw, R., (Eds.), *Stained glass; wordview and social science*. Lanham: University Press of America. p. 26 - 40.
SCHUURMAN, E. 1988. *Krisis in die landbou – 'n Reformatories-wysgerige perspektief.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 249.
SCHUURMAN, E. 2005. *The technological world picture and the ethics of responsibility; struggles in the ethics of technology*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.
SIRE, J.W. 1997. *The universe next door; a basic worldview catalog*. Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press.
SPALING, H. 2003. Enabling creation's praise; lessons in agricultural stewardship for Africa. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. p. 99 - 119.
SPIER, J.M. 1972. *Oriëntering in die Christelike wysbegeerte*. Bloemfontein: SACUM.
STEYNE, P.M. 1989. *The gods of power; a study of the beliefs and practices of animism*. Houston, Texas: Touch Publications.

VAN DER WALT, B.J. 2001. Ons verantwoordelikheid as lede van die kosmiese koor tot eer van God. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 37(1&2): pp. 53 - 70.

VAN DER WALT, B.J. 2003a. Stewardship of our natural environment. In: Van der Walt, B.J. *Understanding and rebuilding Africa*. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity. pp. 418 - 436.

VAN DER WALT, B.J. 2003b. ’n Perspektief op boerdery in Suid-Afrika. *Woord en Daad*, 43(386): 8 - 10, Somer.

VAN DER WALT, B.J. 2004a. ’n Nuwe Amos verskyn in Memel. *Die Kerkblad*, 106(3155): 30 - 31, Sept.

VAN DER WALT, B.J. 2004b. *Understanding and rebuilding Africa.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DYKE, F., MAHAN, D.C., SHELDON, J.K. & BRAND, R.H. 1996. *Redeeming creation; the Biblical basis for environmental stewardship*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

VAN WYK, J.H. 2004. Grondhervorming. *Woord en Daad*, 44(387): 2 - 3, Herfs.

VANDER ZEE, D. 2004. Ecological literacy in Christian higher education. In: Kok, J.H., (Ed.), *Celebrating the vision; the Reformed perspective of Dordt College*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press. pp. 333 - 350.

VILJOEN, J.H. 2004. Grondhervorming vanuit Christelike perspektief. *Woord en Daad*, 44(388): 2 - 5, Winter.

VOS, R.J. 2003. Social principles for “good” agriculture. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. pp. 43 - 63.

VOS, R.J. 2004. Sustainable theocentric agriculture. In: Kok, J.H., (Ed.), *Celebrating the vision; the Reformed perspective of Dordt College*. Sioux Center, Iowa: Dordt College Press. p. 315 - 332.

WIBBERLEY, E.J. 2003. Integration towards ethical agriculture. In: Evans, D.J., Vos, R.J. & Wright, K.P., (Eds.), *Biblical holism in agriculture; cultivating our roots*. Pasadena, California: William Carey Library. pp. 203 - 248.

WIJNBEEK, D.H.P. 1998. *Landbou in Christelike perspektief.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk nr. 371.

WILKINSON, L. 1980. *Earthkeeping; Christian stewardship of natural resources*. Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans.

WILKINSON, L. 1991. *Earthkeeping in the nineties; stewardship of creation.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

WOLTERS, A.L. 1985. *Creation regained; biblical basics for a Reformational worldview*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

ZYLSTRA, U. 1999. Stewardship in Biblical perspective. *REC Theological Forum*, 27(1&2): 42 - 50, July.

ZYLSTRA, M. 2005. Agriculture, nature, ecology and ethics: being accountable in God’s creation. Ongepubliseerde lesing gelewer op die Internasionale Simposium van die Vereniging vir Reformatoriese Filosofie, 16 - 19 Augustus te Hoeven, Nederland.